

© Die Oratorium Uitgewery

# St. Josephine Bakhita
## 8 Februarie

(sterf 1947)

Die naam wat haar ouers haar gegee het, is vergete toe sy as jongmeisie deur slawehandelaars gevang en 'n paar keer in die verskriklike slawemarkte van Noord-Afrika verkoop is. Haar nuwe eienaars het haar Bakhita (oftewel `voorspoedige') genoem. Ná baie jare van mishandeling en onmenslike behandeling is sy deur Callisto Legnani, die Italiaanse konsul in die Soedan, gekoop. Vir die eerste keer in haar lewe het sy kennis gemaak met iemand wat ook 'n ware Christen was. Toe sy ampstyd verstrek het sy gesmeek om saam met hom terug te keer na Italië. So eindig sy op by die Canossiaanse Susters van die Instituut van Kategumene in Venesië. Onder hulle sorg ontvang sy kategese en word sy in 1890 gedoop, waar sy die naam Josephine aanneem. Uiteindelik tree sy in by die Susters en lê in 1896 haar plegtige geloftes af. Vir die volgende vyftig jaar was sy 'n geliefde lid van die gemeenskap met 'n besondere voorliefde vir die armes en siekes.